

'n Dubbele kruis-belydenis

Dr AH Bogaards

Lees: Lk.23:26-49

Teks: Lk.23:42-43 (Nagmaal)

Datum: 7 Desember

Psalms: Ps.43:3,4; 119:26; 119:27; 25:1,3; 23:1,3; 118

1. Inleiding

Laat ons daaraan dink dat die eerste lidmaat (of een van die eerste lidmate) wat na Jesus se dood in sy koninkryk opgeneem is,...'n moordenaar was! Ja, want "...wat niks is nie (het God uitverkies), om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie...Daarom, soos geskrywe is: Die wat roem, moet in die Here roem." (1Kor.1:28-29, 31).

Ons kry by hierdie moordenaar '*n dubbele KRUIS-belydenis*:

1. Eers bely hy dat hyself die kruisdood verdien het;
2. daarna bely hy sy geloof in die gekruisigde Jesus.

2.1. Sy SKULDBELYDENIS: Ek verdien die KRUIS

Weerskante van Jesus hang twee misdadigers, moordenaars. Beide die gekruisigde moordenaars neem deel aan die bespotting van Jesus, blykens o.a. Matteus 27:44.

Maar op 'n stadium kon die een moordenaar, kon hy doodeenvoudig nie meer nie.

Daar het 'n ontsaglike wonder in hierdie moordenaar se hart plaasgevind. Want in ons teks hoor ons dat hy die ander een bestraf en vir hom sê: "Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? — ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dae, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie" (40-41).

Dit is 'n skuldbelydenis van geweldige diepte en van wonderlike oorsprong.

- Dit is *eerstens* 'n skuldbelydenis van geweldige diepte:

Hy is 'n *niks*-nut, in eie oë heeltemal niks nie. Want kyk hy terug op sy lewe, dan sien hy niks en heeltemal niks op grond waarvan hy kan aanspraak maak op vryspraak nie. Inteendeel, al wat hy kan sê, is: Hierdie oordeel is regverdig. Dit is ons verdiende loon.

Wat is sy verdiende loon? Die dood? Nee, meer as dit: die *kruis*-dood. *Dit* beskryf hy as verdiend. Daarmee bely hy: Ek het die oordeel, die vloek van God, verdien. Immers, "vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" (Gal.3:13).

- Dit is *tweedens* 'n skuldbelydenis van wonderlike oorsprong.

'n Sterfbedbelydenis. 'n Mens sou miskien meen: Ons sterwensuur – dit is die oomblik van waarheid, die oomblik waarop elke mens tot hierdie erkenning moet kom. Dit is nie waar nie. Die meeste mense kom juis nie tot so 'n belydenis nie. Daarvan is die tweede moordenaar 'n duidelike bewys. Wat is dan die probleem? Vir 'n ware skuldbelydenis is 'n ander sterfbed nodig: die dood van ons ou mens. Solank ons ou mens nog in ons heers, kom ons nie tot erkenning van ons sondigheid en ons doemwaardigheid nie. Solank die ou mens nog heerskappy voer in ons, leef ons in die ydele waan dat ons tog nie so slegs is nie en dat ons Jesus nie nodig het nie.

Die ou mens moet sterf. En juis dit is die wonder van hierdie geskiedenis. Langs hierdie moordenaar is daar nog 'n sterfbed: die sterfbed van Jesus. Maar Jesus se kruis is nog oneindig veel meer: Dit is ook die sterfbed van ons ou mens. Ons Kategismus vra immers in vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis? En dan lui die antwoord: Deur sy krag word ons *ou mens* saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (Vgl. Rom.6:6: "...angesien ons dit weet dat ons ou mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie").

Daarom: Die moordenaar hang aan die een kruis en sy ou mens hang aan die ander kruis. Daar aan die kruis van Jesus sterf sy ou mens en juis daarom kan hy roep: Ons oordeel is regverdig. Ek verdien die kruis.

Jesus se kruis is die sterfbed van die moordenaar se ou mens, maar daarom ook geboortebed van sy skuldbelydenis. Jesus se kruis is die geheim van sy skuldbelydenis.

Hier het ons 'n sterwende wat begin lewe: Sy liggaam sterf, maar geestelik begin hy leef.

Ons verdien dieselfde dood as hierdie man: die kruisdood. Ons sondes is nie minder erg as syne nie (vgl. HK, v/a 10 en 106). Solank ons dit nie glo nie, solank ons nie saam met hierdie moordenaar aan die kruis gaan hang nie, solank leef die ou mens nog in ons.

As aan ons die vraag gestel word waarom hierdie man wel gekruisig moes word en ons nie, is daar net een rede: God se genade.

2.2. Sy *GELOOFSBELYDENIS*: hierdie Jesus, die KRUISIGDE Jesus, kan my red

Met die sterwe van sy ou mens kom daar ook 'n geloofsbelydenis van die moordenaar.

'n Geloofsbelydenis is meer as maar net 'n paar mooi woorde op 'n stuk papier. Belydenis van geloof is ook oneindig veel meer as maar net 'n paar woorde onnadenkend uitgespreek voor die preekstoel.

Weet u wat is geloofsbelydenis? Dit is om jou met jou hele sondebestaan, so vuil as wat jy is, om jou met jou hele helwaardige lewe te laat val in die arms van Jesus. Geloofsbelydenis is nie maar net geloof-*spraak* nie, maar geloofs-*daad*.

Presies dit is wat hierdie moordenaar doen.

Hy wend hom tot Jesus – Jesus, "dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Mt.1:21). En die man bely: " Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom" (Lk.23:42).

In sy sterwensoomblik gryp hierdie man na sy Bybel, want so vele male hoor ons met name in die Psalms dat God se volk tot God roep dat Hy aan hulle sal "dink" (Ps.25:6,7).

"DINK aan my...".

"DINK aan my in mededoë
as ek biddend voor u pleit;

.....

DINK NIE aan die sondes meer
van 'n yd'le jonkheidslewe;
wil tog, om u goedheid, HEER,
ál my sondes my vergewe!" (Psalm25:3, berymd)

En Jesus sê vir hom: "Voorwaar...". **Amen**, staan daar in die oorspronklik. Ons is gewoon daaraan om ons gebede met die woord "amen" af te sluit. Hier gaan dit anders: Jesus begin die verhoring van hierdie man se gebed met "amen": Amen, voorwaar, Hy sál sekerlik aan hierdie man dink. Sy gebed is verhoor.

En dan spel Jesus daardie "dink" vir hom: "...vandag sal jy saam met my in die paradys wees". God se "dink aan ons" is oneindig veel meer as maar net dat sy gedagtes na ons toe uitgaan. God se "dink aan sy volk" is daad, reddingsdaad.

"**DINK** aan my in mededoë", in U groot genade. En God doen dit: In plaas van die hel skenk Hy hom die paradys – vir 'n man wat dit totaal en al onwaardig was.

"Milde hande, vriendlik oë is by u van ewigheid". En die milde hande van die Vader gaan oop en Hy lê die kruis van die moordenaar op 'n ander: op sy geliefde Seun. Dit is mildheid sonder weerga.

Daar was op Golgota op daardie dag eintlik nie drie kruise nie, maar net twee. Want die kruis van Jesus is ten diepste die kruis van die geredde moordenaar. Op die plek van die hoofskedel vind plaas wat Luther beskryf as die wonderlike ruil: Jesus neem die moordenaar se sonde op Hom en Hy gaan hang aan sy kruis. Jesus sterf die kruisdood en die moordenaar sterf 'n gewone dood, al hang hy aan 'n hout.

Vir die ander moordenaar bly sy kruis 'n kruis in die volle sin van die woord: 'n sterwe onder die oordeel van God. "In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word" (Lk.17:34). Twee hang aan die kruis; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

Die een was nie beter as die ander nie, maar die kruis van Jesus het vir daardie geredde moordenaar die verskil gemaak: die verskil tussen lewe en dood, tussen hemel en hel. Hy was self nie die verskil nie, maar die Ander, Jesus, was die verskil. Danksy Jesus se kruisdood was sy sterwe nie 'n hellevaart nie, maar 'n hemelvaart.

3. Slot

Die evangelie van die geredde moordenaar - waarom ons so 'n evangelie by Lukas, die geneesheer vind, sal almal wat wonde en siektes het, verstaan. Dit wil sê: Dit is alleen

begrypbaar vir diegene wat weet: Ek is deur my sonde tot die dood toe - tot die kruisdood toe, tot die ewige dood toe - siek.